higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 4

(9010124)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 addendum.

436Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Hoë cholesterol kan van persoon tot persoon versprei.

1.1.2 Die sosiale omgewing waarin mense leef, het 'n impak op hul gesondheid.

1.1.3 TB en MIV is nie verwant nie.

1.1.4 Universele primêre voorkoming word gebruik om individue oor gesondheidsrisiko's op te voed.

1.1.5 Die private sektor bedien 80% van die bevolking teen 'n bekostigbare tarief.

1.1.6 Geografiese grense word deur die regering bepaal.

1.1.7 Werkswinkels word gehou om 'n wedersydse begrip tussen belanghebbendes te skep.

1.1.8 Dit is belangrik vir gesondheidsorgwerkers om te verseker dat mense ten volle ingelig is voordat hulle toestemming vir 'n registrasie van die huishouding verkry.

1.1.9 Gesondheidsorgwerkers moet mense groot belonings belowe om aan navorsing deel te neem.

1.1.10 Om verslae te skryf is 'n manier om feite en inligting aan te bied.

(10 × 1) (10)

1.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKAANSE KANKERSTATISTIEKE

Kanker is een van die grootste oorsake van dood in Suid-Afrika. Suid-Afrika se Nasionale Kankerregister (NKR) is in 1986 gestig en verskaf inligting oor kankerstatistieke in SA. Die NKR speel 'n belangrike rol in die handhawing en ontwikkeling van nasionale en internasionale bewustheid oor die enorme las van kanker in ons land.

Die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) en die SA publiek maak staat op statistieke wat in die NKR-verslae verskaf word om kanker in gemeenskappe hok te slaan.

[Bron: *https://cansa.org.za/south-african-cancer-statistics/*]

1.2.1 Definieer die term, *kanker*. (5)

1.2.2 Watter GGPS (‘COPC’)-beginsel en -komponente word in die artikel toegepas? Motiveer jou antwoord. (5)

1.2.3 Is nasionale statistieke van toepassing op GGPS (‘COPC’)? Motiveer jou antwoord. (3)

1.2.4 Is die inligting in die artikel primêre of sekondêre inligting? Motiveer jou antwoord. (3)

1.2.5 Hoekom is kanker 'n "enorme las in ons land"? (5)

1.2.6 Bespreek hoe 'n plaaslike institusionele ondersteuningsassessering (‘LISA’) met die hantering van kanker kan help. (5)

1.2.7 Tot watter bewustheid kan 'n gesondheidspromotor in 'n gesondheidsorgspan bydra om kanker in bepaalde gemeenskappe te bekamp? (4)

[40]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n GGPS (‘COPC’)-reëlingskomitee …

A doen navorsing oor gesondheidskwessies.
B implementeer gesondheidsaktiwiteite.
C verskaf inligting aan pasiënte.
D is 'n adviesliggaam.

2.1.2 Gesondheidsorgpersoneel moet voldoen aan ... praktyke wanneer hulle navorsing doen.

A korrupte
B etiese
C immorele
D onetiese

2.1.3 Die doel van strategiese beplanning is om …

A bedrywighede te belemmer.
B 'n korttermyndoelwit te bereik.
C 'n langtermyndoelwit te bereik.
D onenigheid tussen personeel te verseker.

2.1.4 Die verband tussen inset en uitset word … genoem.

A doeltreffendheid.
B impak.
C doelmatigheid.
D monitering.

2.1.5 Watter EEN van die volgende aspekte meet of 'n taak aan die doelwitte voldoen?

A Doeltreffendheid
B Doelmatigheid
C Impak
D Monitering

2.1.6 Die … van 'n aksieplan word gebruik om formele stelselmonitering te doen.

A hindernisse
B verantwoordelike persoon
C verwagte resultate
D aksiestappe

2.1.7 Die volgende is nie 'n gevaarteken tydens swangerskap nie:

A Versteurde visie
B Hoofpyn
C Drange
D Stuiptrekkings

2.1.8 Suksesvolle vennootskappe tussen organisasies kan voortspruit uit …

A swak kommunikasie.
B die vorming van werkende alliansies.
C verskillende doelwitte.
D nie verantwoordelikhede deel nie.

2.1.9 'n … is 'n voorbeeld van 'n sosiale gemeenskap.

A Skool
B Township
C Buurt
D Distrik

2.1.10 Evaluering moet waarheidsoekend en eties wees, met ander woorde dit moet …

A idees toets.
B die resultate opweeg.
C beperkings erken.
D aanspreeklikheid verseker.

(10 × 1) (10)

2.2 Navorsingsetiek is 'n klassifikasie van wetenskaplike moraliteit in die praktyk. Riglyne vir navorsingsetiek spesifiseer die basiese norme en waardes van die navorsing.

2.2.1 Beskryf wat jou begrip van *etiek* is. (2)

2.2.2 Noem VYF etiese beginsels waaraan gesondheidsorgwerkers moet voldoen wanneer hulle navorsing aanpak. (5)

Kopiereg voorbehou

2.2.3 Hoekom is dit belangrik om toestemming van mense te verkry voordat hulle inligting deel? (4)

2.3 Bestudeer die inligting van die huishouding hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HUISHOUDING X GESONDHEID EN SOSIALE DATA



2.3.1 Bespreek waarom die gesinslede die risiko loop om siektes op te doen of swak gesondheid te ervaar.

(5 × 2) (10)

2.3.2 Watter lede van hierdie huishouding sal jy prioritiseer en hoekom? (4)

2.3.3 Watter lid van die huishouding moet toestemming gee vir die registrasie van die huishouding? Motiveer jou antwoord. (5)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Om in te stem om iets te doen	A	rantsoenering
3.1.2	Stellings oor werkskwaliteit	B	ongewenste soen
3.1.3	'n Instrument wat gebruik word om data te vertoon of op te som	C	demografiese data
		D	toestemming
3.1.4	'n Hulpmiddel om inligting in te samel en op te teken	E	impak
3.1.5	Om iemand toe te laat om slegs 'n beperkte hoeveelheid van iets te hê	F	inenting
		G	lipiede
3.1.6	Statistiese data oor die eienskappe van 'n bevolking	H	prestasiestandaar-de
3.1.7	'n Gesondheidsaanwyser om kindersterftes te verminder	I	demografiese data
3.1.8	Die uitwerking van 'n ingryping	J	frekwensie tabel
3.1.9	'n Voorbeeld van seksuele misbruik	K	opname
3.1.10	Vette wat die liggaam maak en van kos kry	L	iemand slaan
		M	prioritisering

(10 × 1) (10)

3.2 Dit is hoogs waarskynlik dat 'n persoon met tipe 1- of 2-diabetes ernstig siek sal word van COVID-19.

3.2.1 Definieer die term, *diabetes*. (3)

3.2.2 Formuleer 'n strategiese doelwit om COVID-19-komplikasies by mense met diabetes te voorkom. (2)

3.2.3 Kopieer die tabel hieronder in jou ANTWOORDBOEK. Voltooi die DRIE elemente van die aksieplan vir die behandeling van diabetes.

TAAK	AKSIESTAPPE	HINDERNISSE	VERWAGTE UITKOMSTE
Diabetes			

(3 × 3) (9)

3.2.4 Waarom sou 'n mens 'n formatiewe evaluering van die aksieplan doen? (5)

3.2.5 Bespreek die belangrikheid van die monitering van die implementering van 'n aksieplan. (5)

3.3 Bestudeer die inligting in die sirkeldiagram hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



Idiopaties beteken 'siektes wat spontaan ontstaan'

[Bron: *https://www.glowm.com/section-view/heading/evaluation-and-management-of-the-infertile-couple/item/320#.YOVWa-gzZPY*]

Beskryf die inligting in die sirkeldiagram. (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Kies EEN term uit die lys hieronder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

120/80 mmHg; serebrovaskulêre siekte; temperatuur onder 35°; 160/110 mmHg; koste; gereelde urinering; emosionele mishandeling; koronêre hartsiekte; ekonomiese misbruik

4.1.1 'n Gevaarteken by babas.

4.1.2 Om iemand uit te skel, te gil en skreeu.

4.1.3 'n Siekte van die bloedvate wat die brein van suurstofryke bloed voorsien.

4.1.4 'n Abnormale bloeddruklesing.

4.1.5 'n Uitdaging vir die bestaande gesondheidsorgstelsel.

(5 × 1) (5)

4.2 Noem enige SES sleutelelemente van 'n werkswinkel. (6)

4.3 Wat is die doel van 'n gesondheidstatusassessering ('HAS')? (4)

4.4 Noem VYF faktore wat tot die sukses van vennootskappe tussen organisasies kan bydra. (5)

4.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TYDELIKE SKOK OF BLYWENDE ARMOEDESTRIK? **COVID-19 IN SUID-AFRIKA** Die COVID-19-pandemie hou moontlik nie net 'n tydelike skok in nie, maar het blywende implikasies vir armoedekoerse in Suid-Afrika as gevolg van die uitwerking daarvan op mense se gesondheid, onderwys en indiensnemingsvooruitsigte, sowel as moontlike domino-effekte van toenemende misdaadsyfers en gesinsgeweld. Verminderde voedselverbruik in tye van swaarkry, die sluiting van skole en die beperkte toegang tot aanlynonderrig, wat behoeftige kinders ondervind, kan 'n negatiewe uitwerking op menslike kapitaalvorming hê, wat langtermyn negatiewe uitwerking op verdienste kan hê.

[Bron: *https://www.wider.unu.edu/publication/temporary-shock-or-lasting-poverty-trap*]

4.5.1 Noem die belangrikste gesondheidsprioriteit uit die uittreksel. (1)

4.5.2 Stel 'n GGPS (‘COPC’) -reëlingskomitee saam wat 'n beduidende bydrae sal maak om die probleme wat in die uittreksel genoem word, te verminder. Dui aan waarom jy elke lid kies. Gee jou antwoord in 'n tabel soos hieronder aangedui.

LID	REDE
•	•

(5 × 2) (10)

4.5.3 Voltooi die stellings gedeelte van die opname-instrument vir die gesondheidsprioriteit wat in VRAAG 4.5.1 genoem word. Kopieer die opname-instrument in die ANTWOORDBOEK.

STELLINGS	STEM SAAM	STEM NIE SAAM NIE
•		

(4 × 1) (4)

4.6 Dink jy dat 'n summatiewe evaluering belangrik is vir enige intervensie (ingryping) om honger mense te voed? Gee redes vir jou antwoord. (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 'n (Strategiese/Aksie) plan is 'n klein stappie in die rigting van die bereiking van 'n langtermyndoelwit.

5.1.2 GGPS (‘COPC’) is gesondheidsorg wat binne geografiese grense van 'n (gemeenskap/land) gedoen word.

5.1.3 (Gesondheidsorgpersoneel/Gemeenskapsgesondheidswerkers) is wetenskaplik opgelei.

5.1.4 Die doel van 'n werkswinkel is vir (sosialisering/opleiding).

5.1.5 'n GGPS (‘COPC’)-reëlingskomitee moet 'n duidelike (agenda/memorandum) vir elke vergadering hê.

5.1.6 Om onbeskof teenoor ander te wees, word (beskaafde/onbeskaafde) praktyke genoem.

5.1.7 Om aktiwiteite goed te deurdink voordat dit gedoen word, word genoem (beplanning/implementering).

5.1.8 (Analise/verslagdoening) is die laaste stap in evaluering.

5.1.9 (Selfmonitering/Formele stelselmonitering) beteken om oor jou eie aktiwiteite te waak.

5.1.10 Daar word na die eindresultaat van 'n projek verwys as die (uitset/uitkoms). (10 × 1) (10)

5.2 Onderskei tussen die keuse van 'n *fisiese en sosiale gemeenskap* vir GGPS ('COPC')-implementering. (2 × 2) (4)

5.3 Hoekom moet gesondheidsorgwerkers gesondheidsorgspanne lei?? (5)

5.4 Watter faktore maak dit belangrik om gesondheidsprobleme te prioritiseer? (4)

5.5 Noem DRIE fases van 'n werkswinkel. (3)

5.6 Bestudeer die kaart op ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die vrae wat volg.

5.6.1 Identifiseer VIER organisasies en verduidelik hoe hulle met die vermindering van nie-oordraagbare siektes in die Diepkloof-area kan help. (4 × 2) (8)

5.6.2 Kies TWEE organisasies en verduidelik kortliks hoe hulle saam kan werk om te verseker dat skoolkinders 'n gesonde leefstyl sal handhaaf. (2 × 2) (4)

5.6.3 Kies EEN organisasie wat nie op die kaart is nie en verduidelik hoe dit kan help om die verspreiding van NOS's in die gemeenskap te beheer. (2)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A: DIEPKLOOF AREA GOOGLE MAP



[Bron: *https://www.google.com/maps/@-26.2504796,27.9315668,1*]

Kopiereg voorbehou